


ad hoc

# WOORDGROEPE VAN VREEMDE HERKOMS

ultra vires

Jy het seker al woordgroepe van vreemde herkoms, soos **a priori**, in jou skoolhandboek teëgekom (dit wil sê gesien). Onthou, wanneer ons sulke woordgroepe gebruik om saam met ’n daaropvolgende woord ’n samestelling te vorm, word ’n koppelteken tussen die woord van vreemde herkoms en die daaropvolgende woord gebruik, bv. **ad hoc-komitee**.

a priori

**ad hoc-komitee**

**bona fide-boere**

**en suite-badkamer**

Geen koppelteken word egter tussen **ad hoc**, **bona fide** en **en suite** gebruik nie. Ons skryf daarom nie ***ad-hoc-komitee** nie, en ook nie **ad-hoc** wanneer die woord alleen gebruik word nie. Wanneer jy ’n boodskap sou tik en een van hierdie woorde gebruik, hoef jy dit ook nie te kursiveer nie. Dit is ook nie verkeerd, indien jy sulke woorde sou kursiveer nie.

Onthou ook dat wanneer leenwoorde in die oorspronklike taal met ’n koppelteken geskryf word en hulle in Afrikaans net so gebruik word, die koppeltekens behou word. Byvoorbeeld, die leenwoord **demi-sec** (met die betekenis ‘enigsins skerp of droog; nie soet nie’) word met ’n koppelteken in Frans geskryf en word ook net so in Afrikaans gebruik, soos in die onderstaande sin:

- *J.C. Le Roux se Demi-Sec is ’n groot gunsteling onder sjampanjeliefhebbers.*





ad hoc

# WOORDGROEPE VAN VREEMDE HERKOMS


ultra vires

In die volgende tabel word die betekenisse van sulke woordgroepe aangedui. Al die voorbeelde kom uit Korpusportaal, en die verklarings kom uit aanlyn woordeboeke, soos die 2015-HAT en die WAT.

a priori

| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **a priori** | Iets wat vooraf besluit is. | *Ek verdeel die tekse **a priori** in geredigeerde tekste en internettekste.* |
| **ad hoc** | Vir die bepaalde doel/omstandighede. | *Hulle het die besluit **ad hoc** geneem.* |
| **bona fide** | Te goeder trou. | *Wanneer direkteure hul diskresie uitoefen, moet dit **bona fide** en in die beste belang van die maatskappy gedoen word.* |





ad hoc

# WOORDGROEPE VAN VREEMDE HERKOMS


ultra vires

In die volgende tabel word die betekenisse van sulke woordgroepe aangedui. Al die voorbeelde kom uit Korpusportaal, en die verklarings kom uit aanlyn woordeboeke, soos die 2015-HAT en die WAT.

a priori

| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **en suite** | ’n Badkamer wat direk gekoppel word aan en inloop in ’n kamer; aaneen. | *Die toilet was apart van die badkamer – nie soos vandag wat alles **en suite** is nie.* |
| **ex gratia** | As guns; nie as wettige reg nie. | *Op 12 Mei 2006 het die Oliesade Advieskomitee ’n aanbod aan Graan SA gemaak vir ’n bedrag van R500 000 – **ex gratia** as volle en finale betaling.* |
| **ex officio** | As ’n resultaat van ’n mens se status/posisie/amp. | *Die besturende direkteur tree **ex officio** as die sameroeper van die klub op.* |





ad hoc

# WOORDGROEPE VAN VREEMDE HERKOMS

ultra vires

In die volgende tabel word die betekenisse van sulke woordgroepe aangedui. Al die voorbeelde kom uit Korpusportaal, en die verklarings kom uit aanlyn woordeboeke, soos die 2015-HAT en die WAT.

a priori

| Woord | Betekenis en herkoms | Voorbeeld |
|---|---|---|
| **ex post facto** | Terugwerkend; ná die aksie; ná die feite. | *Kan toestemming **ex post facto** deur die ander gade verleen word?* |
| **ultra vires** | Buite sy bevoegdheid. | *Probeer bepaal of die onderwyserafrigters of ander persone **ultra vires** opgetree het.* |
| **pro Deo** | Om Gods wil; (volgens die reg) sonder vergoeding; gratis. | *Advokaat McKenzie is opgedra om **pro Deo** namens die beskuldigde op te tree.* |

